

24 September

Skrifgedeelte: Matteus 23:13-28

Fokusgedeelte: Matteus 23:13

Ware godsdiens is 'n opregte omgang met God

Die ware godsdiens is 'n opregte en eerlike omgang met God. Dit is 'n voorreg wat ons van Jesus ontvang het. Hy het die weg na God toe vir ons oopgemaak deur sy onpeilbare liefde aan die kruis. En Hy stuur die Heilige Gees om ons steeds met God te laat lewe.

Hierdie heerlikheid het die Fariseërs grondig verniel met hulle manier van godsdiens beoefen. Hulle het die deur van die koninkryk van die hemel in die gesig van die mense toegeklap. Die Here vat hulle skerp aan. Wee (1953-vertaling) of ellende (1983-vertaling) beteken 'n ramp! Dit is waarop hulle met hulle godsdienstige reëls afstorm en hulle volgelingen ook saamsleep. Hulle verwoes die omgang met God deur hulle skyn van groot vroomheid. Hulle het allerhande reëls en regulasies aangelas. Soos wanneer mens 'n eed moet neem én met die gee van tiendes én met die reinigingsgebruike ensovoorts.

Hulle verdraai die ware godsdiens en skakel God uit! Hulle sleep talle saam met hulle die ellende in – die ellende van sonder God te leef en sonder Hom te sterf. Juis dít wat Jesus moes deurmaak, sodat ons tot God geneem en nooit meer deur Hom verlaat sou word nie. Laat ons dit onthou! Laat ons Hom onthou. Ons kan mense 'n rat voor die oë draai deur uiterlike godsdienstigheid, maar God sien tot in die diepste van ons hart. En Hy vra net dit – jou hele hart. Moenie net sê jy is 'n gelowige nie – leef jou geloof uit!

- s jy kerk toe kom, kom om die Here te ontmoet. Hy is teenwoordig! A
- s jy Nagmaal gebruik, herdenk die Here Jesus aan die kruis! A
- s jy jou kind laat doop, dink aan die God van die verbond. Alles gaan immers oor Hom! A

Sing: Psalm 18:1

Ds. PB de Klerk (Emeritus)